## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## Spesiale Versoeke

Vertel vir ander van ons Sondag Wysheidsirkel
Maak vir ons 'n maandelikse bydrae asseblief
Deel met ons jou kundigheid as 'n verwysing vir ander

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________

**E-Mail**______________________ **Sel**______________

**Woonadres**

______________________________

## HOE ONS MEKAAR KAN HELP

**Bediening** ______________________

**Voorstelle** ______________________

**Besoek asb** ______________________

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |
|---|---|



# Neo-Spektrum

## 4 Maart 2012

## Die Gees van Menswees

### Uit die huis van Vrees na die huis van Liefde

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Taal van my Hart — Amanda Strydom & Stef Bos ~

### VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

God is Lig ... die allesinsluitende Koninkryk wat in en by ons is
God is Wysheid en Insig ... die skouers van die spirituele intellek
God is Goed en Getrou ... die arms wat aanraak en ophelp
God is Liefde ... die hart van liefdevolle erbarming
God is Heilig ... die heupe as hoeksteen van ons heling
God is Skepping ... word skepsels kreatiewe medeskeppers
God is Lewe ... die siel is geskape na die Beeld van God ...
as die Gesig van God se teenwoordigheid.

~ Dis waar God, God is ~

## STILTE VAN BUITE

~ Paradys — Johannes Kerkorrel ~

In die paradys, lê ek en jy en niks roer nie die stilte heers
die lig val deur die blare van die vyeboom
en ons het die appel geëet die boom
van die kennis van goed en van weet
die lig val deur die blare van die vyeboom, die kamele staan gelaai,
ons maak gereed vir die verste reis
hoe ver ons kan gaan
so ver ons kan gaan — so ver ons kan gaan

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

### 1. DIE VERMOË OM TE KAN ONDERSKEI

Herken ... Erken ... Ken — sonder blame-shift of judgement. **Ken jouself.**

### 2. ONTKENNING BRING VERWYDERING (SKEIDING)

Ontkenning (denial) vorm persepsies en persepsies word projeksies. Twee grootste vrese: vrees vir die toekoms & mislukking. **Verken jou waarheid.**

### 3. SKEIDING BRING SKULDGEVOEL EN VREES.

Ons dra ons drome stil aan die binnekant. Te bang om dit te sê. Bang ons misluk (weer). Soms probeer maar opgegee. **Wat ons vrees sal ons wees.**

| | |
|---|---|
| The most destructive habit.................... | Worry |
| The greatest joy.................................... | Giving |
| The greatest loss.................................... | Self-Respect |
| The most satisfying work......................... | Helping Others |
| The ugliest personality trait.................... | Selfishness |
| The most endangered species.................. | Dedicated Leaders |
| The greatest vitamin.............................. | Encouragement |
| The greatest problem to overcome........... | Fear |
| The most effective sleeping pill................ | Peace Of Mind |
| The most crippling failure disease............ | Excuses |
| The most powerful force in life.................. | Love |
| The most dangerous insider..................... | a Gossiper |
| The world's most incredible computer....... | The Brain |
| The worst thing to be without.................. | Hope |
| The deadliest weapon.............................. | The Tongue |
| The two most power-filled words.............. | "I Can" |
| The greatest asset................................. | Faith |
| The most worthless emotion..................... | Self-Pity |
| The most beautiful attire......................... | a SMILE! |
| The most prized possession..................... | Integrity |
| The most powerful channel of communication... | Prayer |
| The most contagious spirit....................... | Enthusiasm |

Hoe oorkom ons vrees? Sit die lig aan! Sien vrees vir wat dit is! Maak die keuse/besluit: ek kan, ek wil, ek sal. Vertrou die LIG wat om en in jou is!

Dit gaan in hierdie lewe nie oor geregtigheid nie
maar oor verantwoordelikheid en eerbaarheid;
nie oor gesondheid nie maar oor heling;
nie oor wees nie maar oor wording;
nie oor die oefening nie maar oor die dissipline.
Ons groei elke dag nader en nader na dit wat ons moet wees;
die proses is nie afgeloop nie en is steeds aan die gebeur;
hierdie is nie ons bestemming nie maar ons reis ...
dis nie net 'n straal van heerlikheid nie
maar 'n proses van reiniging.
(Martin Luther)

# ONS GEE OM TE ONTHOU ONS HET !!

~ Moenie — Theuns Jordaan ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Kyk — die Here God se seëninge is in jou en om jou
Kyk — die Almagtige is nie weg of ver van jou nie
Kyk — die Ewige gee vir jou 'n KEUSE om te kies ...
... van vrees na liefde.
Ons vra nie meer laat die wêreld verander nie
maar verander mý !!

---

## AS ONS UITSTAP

~ Om te Verdaag — Chris Chameleon ~

donker nag en dit was laat sy het my wakker gemaak en gesê: ek moet hier ver weg gaan
ek kan nie meer in vrees lewe nie, ek kan nie meer agter die toe deure nie
en my huis het in 'n tronk ontaard en kom jy saam of laat jy my jou verlaat
**en sy sê: ek het jou lief**
**en al die vrugte van my bestaan is joune as jy saam sal kom kan ons opnuut begin**
**voor ons alles en mekaar verloor, kom ons begin elders van voor**
ek het gevra dat sy moet wag, wag op 'n nuwe dag dat ek oor my antwoord kan besin
toe die Afrika oggend in die ooste breek het ek my antwoord goed geweet
en met sorg in my hart lig ek haar toe in — ons almal weet die waarheid maak soms seer
**en ek sê: ek het jou lief**
**en al die vrugte van my bestaan is joune maar ek kan nie saam weggaan nie**
**sonder my wortels in die grond waarvandaan ek kom**
**kan ek nie vrugte dra nie ek kan nie doen wat jy my vra nie**
sy sê toe vir my:
dan moet jy alleen hier bly hierdie land het ons liefde verongeluk
hierdie land is my moeder en my pa en my beminde

---